

GRONDEISE

Hoe om 'n grondeis in te dien
ingevolge die Wet op die Herstel van Grondregte
(Wet 22 van 1994), soos gewysig in 2014





WIE KAN EIS?

'n Persoon, sy of haar eggenoot of kinders, of 'n gemeenskap wat **grond** langer as 10 jaar wettig besit het, of 'n **reg in grond** gehad het (bv. die reg om die grond te bewerk), en vanwee rasdiskriminerende wetgewing of praktyke tussen 1913 en 1994 van daardie grond of reg ontnem is, en op die tydstop van die ontneming nie regverdig en billik daarvoor vergoed is nie.

U kan nie 'n grondeis instel nie indien u vantevore 'n eis ingedien het en vergoeding in die vorm van grond of finansiële kompensasië ontvang het. Indien u vantevore 'n eis ingedien het, maar nog nie van die uiteinde van u eis in kennis gestel is nie, moet u met die amptelike indieningskantoor in u provinsie in verbinding tree om uit te vind of u eis tans verwerk word.



WANNEER KAN EK EIS?

U moet u eis voor 30 Junie 2019 indien.



WAAR KAN EK EIS?

Besoek 'n amptelike indieningskantoor in die Van der Sterr-gebou, Rhodes-laan, Mowbray, in **Kaapstad**; of Shamrock Oord 33, York-straat 97, in **George**. Wees op die uitkyk vir mobiele indieningskantore wat moontlik u streek sal besoek.



WAT BENODIG EK?

DIE PERSONE Besonderhede van die persoon of persone wat van die grond of grondreg ontnem is. Besonderhede van die eiser en die hoedanigheid waarin hy of sy optree, asook 'n gewaarmerkte afskrif van sy of haar Suid-Afrikaanse ID-kaart. Indien die eiser ander persone verteenwoordig, 'n lys van sodanige persone, vergesel van 'n brief van daardie persone wat die eiser magtig om namens hulle op te tree, onderteken deur twee getuies.

DIE GROND 'n Beskrywing van die grond (bv. erf- of standplaasnommer). Die jaar van die ontneming. Die kompensasië wat met die ontneming betaal is. Die Departement wat die grond op die tydstip van die ontneming bekom het. 'n Beskrywing van die geskiedenis van die besit of reg in die grond, ondersteun deur enige relevante dokumentasie, wat by die Registrateur van Akte, die Landmeter-Generaal, die Meester van die Hos van of die Nasionale en Provinsiale Argief bekom kan word.



HOE EIS EK?

Die indiening van 'n grondeis is gratis. Rig 'n skriftelike versoek aan die Kommissie vir die Herstel van Grondregte deur 'n indieningskantoor te besoek en 'n amptenaar te nader om u met die invul van die voorgeskrewe eisvorm te help. Die voorgeskrewe eisvorms kan slegs van 'n indieningskantoor bekom word. Wanneer u eis suksesvol ingedien is, sal u 'n kennisgewingsbrief met 'n unieke verwysingsnommer ontvang.



WAT KAN EK EIS?

U kan óf die herstel van u reg in grond óf billike vergoeding, byvoorbeeld finansiële kompensasië, eis.



WAARSKUWING

Die indiening van 'n grondeis is **gratis**. Moenie mense vertrou wat betaling vra vir eisvorms nie, of wat geld vra om u met die invul of indiening van 'n grondeis te help nie. Kry gratis vorms en hulp by 'n amptelike indieningskantoor.

Toll-free 0800 007 095

Compiled by umnyama.org